

25 Februarie

Skrifgedeelte: Hebreërs 11

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:5, 6

Geloof gee jou die groter prentjie

Elkeen van ons het 'n diep-gewortelde begeerte om te verstaan. Die groter prentjie is vir ons verstaan van die lewe geweldig belangrik. Dis amper soos 'n rugbywedstryd. Die groter prentjie is die rede waarom die toeskouers altyd beter weet as die manne op die veld. Hulle sien immers die hele prentjie, terwyl die spelers op die veld teen die manne rondom hulle vaskyk.

Geloof gee vir ons as gelowiges die groter prentjie, sodat ons nie teen al die seerkry-dinge van ons lewe hoef vas te kyk nie. Deur die geloof verstaan ons dat God die Skepper van die heelal is en jou lewe is bedoel om Hom te behaag. Die Griekse woord vir "behaag" is *euaresteo*, wat beteken om ekstatiese vreugde te verskaf. God wil van jou lewe geniet.

Doen dit deur in die geloof deur Jesus Christus met Hom te wandel. Christus se koms, lyde en sterwe is deel van die groter prentjie. Wanneer jy deur die geloof begryp dat God die sin en betekenis van jou lewe is, stel dit jou in staat om met oorgawe te lewe en die wonders van God in jou lewe te beleef, soos Gideon, Barak, Simson, Jefta, Dawid en Samuel. Omdat gelowiges die groter prentjie gesien het, het hulle krag ontvang om vir Christus te ly, lyfstraf te verduur, boeie en gevangenskap te ervaar en gebrek te ly.

God is vol vreugde oor hulle wat naby Hom lewe. Hy is nie skaam om hulle God genoem te word nie.

Sing: Skrifberyming 18-7

Ds. DJ Bakker (Boksburg)